

Lorenz & Son



OFFISIËLE KOERANT

van Suidwes-Afrika.

(Uitgegeë op gesag.)

OFFICIAL GAZETTE

of South West Africa.

Published by Authority.

1/- Maandag, 1 Maart 1937. WINDHOEK Monday, 1st March, 1937. No. 702

INHOUD.

	<i>Bladsy.</i>
Proklamasies —	
No. 5. Polisieoortredings- (Rehoboth-Gebiet) Proklamasie 1937	596
No. 6. Uitbreiding van die Proklamasie van 1929 betreffende die toesig oor masjienerie en die Ontploffbare Stowwe Ordonnansie 1931 op die Rehoboth Gebiet	599
Goewermenskennisgewings —	
No. 27. Registrasiebeampte, Geproklameerde Kring van Mariental: Aanstelling as	600
No. 28. Immigrasiebeampte, Luderitz: Aanstelling as	600
No. 29. Magistraat, Keetmanshoop: Aanstelling as	600
No. 30. Naturellekommissaris, Magistraatsdistrik van Keetmanshoop: Aanstelling as	600
No. 31. Skutte te Kleeforte, Distrik Windhoek, en Swartkop, Distrik Warmbad: Sluiting van Klerke van die Hof, Grootfontein, Gibeon en Outjo: Aanstellings as	601
No. 32. Derde Wetgewende Vergadering: Naam van Gekose Lid	601
No. 34. "Naturellen (Stedelike Gebieden) Proklamasie 1924": Wysiging van Regulasie 17 van Goewermenskennisgewing No. 173 van 1924	601
No. 35. Stadsgebied van Luderitz: Beperking van binnekoms van Naturelle	601
No. 36. Binnekoms van vroulike naturelle in die Munisipaliteitsgebied van Luderitz verbode	602
Algemene Kennisgewings —	
No. 11. Lys van plase onder kwarantyn op 10 Februarie 1937	602
No. 12. Lys van Maatskappye wat van die Register geskrap sal word	602
No. 13. Land- en Landboubank van Suidwes-Afrika: Staat van Laste en Bate en Wins- en Verliesrekening vir die jaar eindigende 31 Desember 1936	603
No. 14. Erf No. 466, Swakopmund vir Spoorwegdoeleindes gereserveer	605
No. 15. Verkoop van onafgelewerde en onopgeëide Pospakette	605
Advertensies —	
Boedelkennisgewings, ens., ens.	606

CONTENTS.

	<i>Page.</i>
Proclamations —	
No. 5. Police Offences (Rehoboth Gebiet) Proclamation, 1937	596
No. 6. Extension of the Supervision of Machinery Proclamation, 1929, and the Explosives Ordinance, 1931, to the Rehoboth Gebiet	599
Government Notices —	
No. 27. Registering Officer, Proclaimed Area of Mariental: Appointment as	600
No. 28. Immigration Officer, Luderitz: Appointment as	600
No. 29. Magistrate, Keetmanshoop: Appointment as	600
No. 30. Native Commissioner, Magisterial District of Keetmanshoop: Appointment as	600
No. 31. Pounds at Kleeforte, District Windhoek, and Swartkop, District Warmbad: Disestablishment of	600
No. 32. Clerks of the Court, Grootfontein, Gibeon and Outjo: Appointment as	601
No. 33. Third Legislative Assembly: Name of Elected Member	601
No. 34. Natives (Urban Areas) Proclamation 1924: Amendment of Regulation 17 of Government Notice No. 173 of 1924	601
No. 35. Luderitz Urban Area: Restriction on Entry of Natives	601
No. 36. Prohibition of Female natives from entering the Municipal Area of Luderitz	602
General Notices —	
No. 11. List of Farms under quarantine as at 10th February, 1937	602
No. 12. List of Companies to be struck off the Register	602
No. 13. Land and Agricultural Bank of South West Africa: Statement of Liabilities and Assets and Profit and Loss Account for the year ended 31st December, 1936	604
No. 14. Erf No. 466, Swakopmund reserved for Railway purposes	605
No. 15. Sale of undelivered and unclaimed Postal matter	605
Advertisements —	
Estate Notices, etc., etc.	606



PROKLAMASIES

VAN SY EDELE DAVID GIDEON CONRADIE,
ADMINISTRATEUR VAN SUIDWES-AFRIKA.

No. 5 van 1937.)

NADEMAAL deur paragraaf vier van die Ooreenkoms tussen die Administrateur van Suidwes-Afrika en die Kaptein van die Rehoboth-Gemeente en die lede van die Raad van die voormelde Gemeente gesluit, watter Ooreenkoms deur Proklamasie van die Administrateur, gedateer die agt-en-twintigste dag van September 1923 (Proklamasie No. 28 van 1923) bevestig en bekragtig is, dit *inter alia* ooreengekom is dat die Administrateur, na oorleg met die Raad van die voormelde Rehoboth-Gemeente, die bevoegdheid sou besit om wette vir die landstreek te maak wat in die Ooreenkoms die Gebiet genoem word, en om die werking van enige wet wat binne die Gebied Suidwes-Afrika van krag is daarop uit te brei, as hy sodanige wetgewing of uitbreiding in die belange óf van die Gebied Suidwes-Afrika óf van die Gebiet raadsaam en wenslik ag;

EN NADEMAAL deur artikel een van "De Rehoboth Aangelegenheden Proklamatie, 1924" (Proklamasie No. 31 van 1924), bepaal is, dat vanaf en na die inwerkingtreding daarvan die Raad sou ophou om binne die Gebiet te fungeer en dat al die bevoegdhede, funksies en pligte deur wet aan die Raad verleen, by die Magistraat van die distrik Rehoboth sou berus;

EN NADEMAAL die Administrateur, na oorleg met die Magistraat van die distrik Rehoboth, dit raadsaam en wenslik ag in die belange van die Gebiet om sekere bepalinge van die "Politie Overtredingen Proklamatie, 1920" (Proklamasie No. 27 van 1920), met wysigings vereis deur die bestaande toestande in die Gebiet, op die Gebiet uit te brei;

SO IS DIT dat ek, kragtens en ingevolge die bevoegdheid my verleen, proklameer, verklaar en bekendmaak as volg:

1. Die bepalinge van hierdie proklamasie is van volle krag en werking in die Gebiet wat die Gebiet genoem word in die Bylae van die Proklamasie van die Administrateur gedateer die agt-en-twintigste dag van September 1923 (Proklamasie No. 28 van 1923) soos gewysig deur artikel veertien van die Proklamasie van 1928 met betrekking tot Rehoboth-Gebiet-Aangeleenthede (Proklamasie No. 9 van 1928).

2. 'n Persoon sal skuldig wees aan 'n oortreding en kan by skuldigbevinding tot 'n boete van hoogstens tien pond en by wanbetaling tot gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een maand veroordeel word,

(1) indien hy hom op onbehoorlike wyse blootstel of in 'n publieke straat of publieke plek sonder sodanige kledingstukke verskyn as die fatsoenlikheid vereis;

of

(2) indien hy 'n publieke pad of in gesig van 'n woonhuis 'n oorlas veroorsaak wat teen die openbare fatsoenlikheid indruis;

of

(3) indien hy in 'n publieke pad of publieke plek vloek of vuil, honende, beledigende of dreigende taal besig of op so 'n manier uitroep of skree dat hy tot oorlas is vir die publiek;

of

(4) indien hy in 'n publieke pad of plek 'n vuil lied of ballade sing of 'n onbetaamlike of vuil woord, tekening of voorstelling skrywe, teken, openlik blootstel of tentoonstel;

of

PROCLAMATIONS

By HIS HONOUR DAVID GIDEON CONRADIE,
ADMINISTRATOR OF SOUTH WEST AFRICA

No. 5 of 1937.)

WHEREAS by paragraph four of the Agreement concluded between the Administrator of South West Africa and the Kapitein of the Rehoboth Community and the Members of the Raad of the said Community, which said Agreement was ratified and confirmed by Proclamation of the Administrator dated the twenty-eighth day of September, 1923 (Proclamation No. 28 of 1923) it was agreed, *inter alia*, that the Administrator, after consultation with the Raad of the aforesaid Rehoboth Community, should possess the power to legislate for the territory referred to in the Agreement as the Gebiet and to extend thereto the operation of any law in force within the Territory of South West Africa, if he considered such legislation or extension expedient or desirable in the interests of either the Territory of South West Africa or the Gebiet;

AND WHEREAS by section one of the Rehoboth Affairs Proclamation, 1924 (Proclamation No. 31 of 1924), it was provided that, from and after the taking effect thereof, the Raad should cease to function within the Gebiet, and that all and several the powers, functions and duties vested by law in the Raad should vest in the Magistrate of the District of Rehoboth;

AND WHEREAS, after consultation with the Magistrate of the District of Rehoboth, the Administrator considers it expedient and desirable in the interests of the Gebiet to extend to the Gebiet, with modifications required by the conditions existing in the Gebiet, certain of the provisions contained in the Police Offences Proclamation, 1920 (Proclamation No. 27 of 1920);

NOW THEREFORE, under and by virtue of the powers in me vested, I do hereby proclaim, declare and make known as follows:-

1. The provisions of this proclamation shall be of full force and effect in the Territory referred to as the Gebiet in the Agreement contained in the Schedule to the Proclamation of the Administrator dated the twenty-eighth day of September, 1923 (Proclamation No. 28 of 1923) as amended by section fourteen of the Rehoboth Gebiet Affairs Proclamation 1928 (Proclamation No. 9 of 1928).

2. Any person shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding ten pounds and in default of payment to imprisonment for a period not exceeding one month,

(1) if he indecently exposes his person or appears in any public road or public place without such articles of clothing as decency requires;

or

(2) if he commits any nuisance in any public road, or within view of any dwelling house, whereby public decency may be offended;

or

(3) if he in any public road or public place, swears or makes use of obscene, abusive, insulting or threatening language or shouts or screams in such a manner as to be a source of public annoyance;

or

(4) if he sings any obscene song or ballad or writes, draws, exposes to view or exhibits any indecent or obscene word, figure, or representation in any public road or place;

or

- (5) indien hy in 'n publieke pad of publieke plek 'n vuur aanmaak of vuurwerke afskiet sonder om vooraf die toestemming van die Magistraat te verkry;
of
- (6) indien hy in 'n publieke pad vuurwapens of windgeweers afskiet sonder om vooraf die toestemming van die Magistraat te verkry, tensy dit by die volvoering van 'n plig geskied of om 'n wettige bevel te gehoorsaam;
of
- (7) indien hy moedswillig beeste, perde of ander diere pla of hulle ingespan is al dan nie, of onnodig 'n wasweep klap in 'n publieke pad of plek;
of
- (8) indien hy 'n voertuig, perd of bees doldriftig bestuur of 'n dier doldriftig bery in of deur 'n publieke pad;
of
- (9) indien hy eiendom beskadig deurdat hy op agtelosige wyse 'n voertuig bestuur;
of
- (10) indien hy 'n voertuig deur osse getrek in 'n publieke pad bestuur of laat sonder iemand voor die voorosse, of 'n voertuig deur perde, muile of donkies getrek in 'n publieke pad laat sonder iemand wat die leisels vashou of voor die voordiere staan;
of
- (11) indien hy moedswillig of uit ondeundheid 'n publieke klok lui of lawaai of stoornis in die strate veroorsaak, of op onverskillige of agtelose wyse 'n klip of ander werptuig gooi of 'n rekker so gebruik dat dit gevaarlik of skadelik vir persoon en besittings mag wees, of opsetlik 'n vensterruit in 'n gebou breek of 'n uithangbord of ander eiendom van die perseel van die eienaar verwyder of enig ander dergelyke misdryf pleeg;
of
- (12) indien hy opsetlik of as gevolg van 'n nalatige daad iemand van die water beroof waartoe hy geregtig is;
of
- (13) indien hy wederregtelik water waartoe iemand anders geregtig is, wegkeer of aan hom toeëien;
of
- (14) indien hy glas, vuilgoed, vuilis, afval of onaangename goed in 'n publieke pad of publieke plek gooi of in 'n dam of reservoir of waterloop of fontein, of in enige ander plek wat nie vir die doel deur die Magistraat toegewys is nie;
of
- (15) indien hy versuim om 'n private werf, weg, deurgang, laan, kamp of perseel in sy besit of onder sy beheer skoon en reukloos te hou;
of
- (16) indien hy in 'n publieke pad klippe, hout, bakstene of ander voorwerpe laat wat 'n dier of voertuig wat daaroor bery of bestuur word, kan beseer of in gevaar bring;
of
- (17) indien hy opsetlik of op agtelose wyse 'n dam, publieke waterloop of 'n publieke pad of voetpad oorbreek of beskadig;
of
- (18) indien hy 'n wilde hond toelaat om sonder muilband vry rond te loop;
of
- (19) indien hy opsetlik hom indring in 'n plek en versuim of weier om so 'n plek te verlaat nadat hy deur die eienaar of bewoner of die persoon wat deur of teen behoeve van die eienaar of bewoner daartoe gemagtig is, aangesê is om die plek te verlaat.

3. 'n Persoon sal skuldig wees aan 'n oortreding en kan by skuldigbevinding tot 'n boete van hoogstens vyftig pond, of by wanbetaling tot tronkstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande veroordeel word;

- (1) indien hy sonder wettige verontskuldiging (die bewyslas van sodanige verontskuldiging berus by so 'n persoon) 'n slotoopsteker, sleutel, breekyster of ander huisbraakgereedskap in sy bewaring of besit het;
of
- (2) indien hy by nag gevind word met 'n swartgemaakte gesig of andersins sodanig gekleed of vermom is dat dit misdadige bedoelings aandui, tensy hy sodanige bedoelings kan weerlê;

- (5) if on any public road, or public place he makes a fire, or lets off fireworks without the permission of the Magistrate previously had and obtained;
or
- (6) if he discharges firearms or airguns in any public street without the permission of the Magistrate previously had and obtained, or unless in the discharge of some duty, or in obedience to some lawful command;
or
- (7) if he wantonly irritates any cattle, horses or other animals whether attached to vehicles or not, or unnecessarily claps any wagon whip in a public road or place;
or
- (8) if he furiously drives any vehicle, horse or cattle or furiously rides any animal in or through any public road;
or
- (9) if he injures any property by driving any vehicle negligently;
or
- (10) if he drives or leaves any vehicle drawn by oxen in any public road without a person at the head of the leaders, or leaves any vehicle drawn by horses, mules or donkeys standing in any public street without a person in control of the reins or at the head of the leaders;
or
- (11) if he wantonly or mischievously rings any public bell or makes any noise or disturbance in the streets, or recklessly or carelessly throws a stone or other missile or uses a catapult to the danger or damage of person or property, or wilfully breaks a pane of glass in any building, or removes a signboard or other property from the premises of the owner or commits any other misdemeanour of a similar nature;
or
- (12) if he wilfully or by any neglectful act deprives any person of the water to which such person is entitled;
or
- (13) if he unlawfully diverts or appropriates the water to which any other person is entitled;
or
- (14) if he throws any glass, filth, dirt, rubbish or offensive matter upon any public road or public place or in any dam or reservoir or watercourse or fountain, or in any other place than such as may have been appointed for that purpose by the Magistrate;
or
- (15) if he neglects to keep clean and inoffensive any private yard, way, passage, avenue, enclosure or premises in his possession or under his control;
or
- (16) if he leaves upon any public road any stone, timber, bricks or other thing, calculated to damage or endanger any animal or vehicle ridden or driven thereon;
or
- (17) if he wilfully or negligently breaks up, injures or damages any dam or public watercourse, or any public road or footway;
or
- (18) if he suffers to be at large any unmuzzled, ferocious dog;
or
- (19) if he wilfully trespasses in any place and neglects or refuses to leave such place after being warned to do so by the owner or occupier, or any person authorised by or on behalf of the owner or occupier.

3. Any person shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding fifty pounds, or in default of payment to imprisonment for a period not exceeding six months;

- (1) if he has in his custody or possession without lawful excuse (the onus of proving such excuse being on such person) any picklock, key, crow, or other implement of housebreaking;
or
- (2) if he is found by night, having his face blackened, or being otherwise dressed or disguised, in such a manner as to show criminal intent, unless he is able to disprove such intent;

(3) indien hy by nag sonder wettige verontskuldiging (die bewyslas van sodanige verontskuldiging berus by so 'n persoon) gevind word in of op 'n woonhuis, pakhuis, waenhuis, stal, kelder of buitegebou of in 'n ingekampte werf, tuin of agterplaas;

of

(4) indien hy by nag gevind word gewapen met 'n geweer, mes, knuppel of ander aanvalswapen, tensy hy kan bewys dat hy nie so met misdadige bedoelings gewapen is nie;

of

(5) indien hy weerstand bied aan, of iemand aanspoor of help of aanmoedig om weerstand te bied aan 'n polisie-dienaar of so'n polisie-dienaar belemmer of verhinder in die uitvoering van sy pligte.

4. Iemand wat dronk is in 'n publieke straat of publieke plek of in of naby 'n winkel, magasyn, hotel of kanteen; of wat skuldig is aan oproerige of onbetaamlike gedrag in 'n plek soos genoem of in 'n polisiekantoor of polisie-stasie;

sal skuldig wees aan 'n oortreding en kan by skuldigbevinding tot 'n boete van hoogstens vyf pond, en by wanbetaling tot tronkstraf met of sonder harde arbeid, en met of sonder skraal rantsoen, vir 'n tydperk van hoogstens veertien dae veroordeel word, en by 'n tweede of daaropvolgende skuldigbevinding tot 'n boete van hoogstens tien pond en by wanbetaling tot tronkstraf met of sonder harde arbeid en met of sonder skraal rantsoen vir 'n tydperk van hoogstens dertig dae veroordeel word; met dien verstande dat indien dit bewys word dat iemand wat skuldig bevind word weens 'n oortreding van hierdie artikel gedurende die twaalf maande wat so'n bevinding voorafgaan, vier keer weens dronkenskap deur 'n bevoegde Hof skuldig bevind is, dit vir die Magistraat wettig sal wees om gevangenisstraf met harde arbeid vir 'n tydperk van hoogstens twaalf maande op te lê, ondanks enigiets vervat in die Magistraatshowe Proklamasie 1935 (Proklamasie No. 31 van 1935).

5. Iemand wat dreigende, honende of beledigende taal besig of 'n dreigende of beledigende houding inneem met die doel om die rus te verstoor of hom so gedra dat die rus verstoor kan word, in 'n publieke pad of publieke plek, sal skuldig wees aan 'n oortreding en kan by skuldigbevinding tot 'n boete van hoogstens tien pond, en by wanbetaling tot tronkstraf vir 'n tydperk van hoogstens een maand veroordeel word; en dit kan voorts van so'n persoon vereis word om borge te vind om die vrede vir 'n tydperk van hoogstens drie maande te bewaar, al na die Hof waardeer hy verhoor word, nodig mag ag.

6. (1) 'n Geneeskundige regeringsbeampte of gesondheids-beampte of lid van die polisiemag kan van tyd tot tyd enige persele besoek of inspekteer met die doel om vas te stel of sodanige persele skoon en reukloos gehou word.

(2) 'n Polisie-dienaar met of bo die rang van sersant of enige ander polisie-dienaar wat daartoe deur enige sodanige sersant of ander offisier met hoëre rang gemagtig is, kan van tyd tot tyd en te alle tye so dikwels as wat hulle redelike en waarskynlike grond het om te vermoed dat iemand wat 'n lisensie het om drank te verkoop kragtens die "Drank Licentie Proklamasie 1920" (Proklamasie No. 6 van 1920) soos van tyd tot tyd gewysig, drank op onwettige tye of op verbode dae verkoop, toegang tot die persele van so'n lisensiehouer eis met die doel om sodanige persele te ondersoek; en indien so'n lisensiehouer moedswillig, weier om so'n polisie-dienaar toegang te verleen, of onnodige oponthoud veroorsaak om so'n persoon toe te laat, sal so 'n lisensiehouer skuldig wees aan 'n oortreding en kan by skuldigbevinding tot 'n boete van hoogstens vyf-en-twintig pond en by wanbetaling tot gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande veroordeel word.

7. In hierdie Proklamasie

sluit "Publieke plek" in 'n hotel, bar, drankwinkel of iemand wat vir hom optree.

beteken "Publieke pad":-

(a) 'n Pad wat as sulks verklaar of erken is kragtens die bepalings van 'n wet.

(b) Enige ander pad, straat, gang of deurgang wat die publiek die reg het om te gebruik, of sonder verandering vir 'n tydperk van minstens twaalf maande gebruik het.

sluit "Publieke plek" in 'n hotel, bar, drankwinkel of kantien, en enige ander plek waartoe die publiek toegang het, hetsy teen betaling of andersins.

(3) if he is found by night without lawful excuse (the onus of proving such excuse being on such person) in or upon any dwelling-house, warehouse, coach-house, stable, cellar or outhouse, or in any enclosed yard, garden, or area;

or

(4) if he is found by night armed with any firearm, knife, bludgeon, or other offensive weapon, unless he is able to prove that he was not so armed with any criminal intent;

or

(5) if he resists, or incites or aids or encourages any person to resist, or hinders or disturbs any police officer in the execution of his duty.

4. Any person who is found drunk in any public street, or public place or in or near any shop, store, hotel or canteen; or who is guilty of any riotous or indecent behaviour in any such place as aforesaid or in any police office or police stationhouse;

shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding five pounds, and in default of payment to imprisonment with or without hard labour, and with or without spare diet, for any period not exceeding fourteen days, and in the case of a second or subsequent conviction to a fine not exceeding ten pounds and in default of payment to imprisonment with or without hard labour and with or without spare diet for any period not exceeding thirty days, provided that if it be proved that any person found guilty of contravening this section, has been during the twelve months preceding such finding four times convicted of drunkenness by a competent Court, then it shall be lawful for the Magistrate to inflict a punishment of imprisonment with hard labour for any period not exceeding twelve months, notwithstanding anything contained in the Magistrates' Courts Proclamation 1935 (Proclamation No. 31 of 1935).

5. Any person who shall use any threatening, abusive or insulting words or conduct himself in a threatening or insulting manner with intent to provoke a breach of the peace or in such a manner that a breach of the peace may be occasioned, in any public road or public place, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding ten pounds, and in default of payment to imprisonment for a period not exceeding one month; and such person may further be required to find sureties to keep the peace for such period not exceeding three months, as the Court before which such person is tried may deem necessary.

6. (1) Any Government Medical Officer or sanitary inspector or member of the police force may from time to time visit or inspect any premises for the purpose of ascertaining whether such premises are kept clean and inoffensive.

(2) Any policeman of or above the rank of sergeant or any other police officer who is authorised thereto by any such sergeant or other officer of superior rank, may from time to time and at all times as often as they shall have reasonable or probable ground for suspecting that any person licensed to sell liquor in terms of the Liquor Licensing Proclamation 1920 (Proclamation No. 6 of 1920) as amended from time to time, is selling liquor at unlawful hours or on prohibited days, demand admittance into the premises of such licensee for the purpose of examining the same; and if such licensee shall wilfully refuse to admit any such police officer, or shall make any unnecessary delay in admitting him, such licensee shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding twenty-five pounds and in default of payment to imprisonment for a period not exceeding three months.

7. In this Proclamation,

"Magistrate" means the Magistrate of Rehoboth, or anybody acting on his behalf.

"Public road" means:-

(a) Any road declared or recognised as such under the provisions of any law.

(b) Any other road, street, lane or thoroughfare which the public have the right to use, or have used without hindrance for a period of at least twelve months.

"Public place" shall include any hotel, bar, canteen or public house, and any other place to which the public have access, whether on payment or otherwise.

8. Hierdie Proklamasie kan vir alle doeleindes aangehaal word as die Polisieoortredings-(Rehoboth-Gebiet) Proklamasie 1937.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my hand en seël te Windhoek op hede die 16de dag van Januarie 1937.

D. G. CONRADIE,
Administrateur

No. 6 van 1937.)

NADEMAAL deur paragraaf vier van die Ooreenkoms tussen die Administrateur van Suidwes-Afrika en die Kaptein van die Rehoboth-Gemeente en die lede van die Raad van die voormelde Gemeente gesluit, watter Ooreenkoms deur Proklamasie van die Administrateur, gedateer die agt-en-twintigste dag van September 1923 (Proklamasie No. 28 van 1923) bevestig en bekragtig is, dit inter alia ooreengekom is dat die Administrateur, na oorleg met die Raad van die voormelde Rehoboth-Gemeente, die bevoegdheid sou besit om die werking van enige wet wat binne die Gebied Suidwes-Afrika van krag is op die Gebied, wat in die ooreenkoms die Gebied genoem word uit te brei, as hy sodanige uitbreiding in die belange of van die Gebied Suidwes-Afrika of van die Gebiet raadsaam en wenslik ag;

EN NADEMAAL deur artikel een van "De Rehoboth Aangelegenheden Proklamasie, 1924" (Proklamasie No. 31 van 1924), bepaal is, dat vanaf en na die inwerkingtreding daarvan die Raad sou ophou om binne die Gebiet te fungeer en dat al die bevoegdhede, funksies en pligte deur wet aan die Raad verleen, by die Magistraat van die distrik Rehoboth sou berus;

EN NADEMAAL die Administrateur, na oorleg met die Magistraat van die distrik Rehoboth, dit raadsaam en wenslik ag in die belange van die Gebiet om die werking van die "Proklamasie van 1929 betreffende die toesig oor masjinerie" (Proklamasie No. 36 van 1929) en die "Ontploffbare Stowwe Ordonnansie 1931" (Ordonnansie No. 15 van 1931) op die Gebiet uit te brei;

SO IS DIT dat ek, ingevolge en kragtens die bevoegdheid my verleen, hierby proklameer, verklaar en bekendmaak as volg:

Die "Proklamasie van 1929 betreffende die toesig oor masjinerie" (Proklamasie No. 36 van 1929) en die "Ontploffbare Stowwe Ordonnansie 1931" (Ordonnansie No. 15 van 1931) tesame met alle wysigings daarvan of byvoegsels daartoe wat hierna verorden mag word en alle regulasies wat daarvolgens opgestel is of hierna opgestel mag word, is van volle krag en werking in die Gebied wat die Gebiet genoem word in die Bylae van die Proklamasie van die Administrateur gedateer die agt-en-twintigste dag van September 1923 (Proklamasie No. 28 van 1923) soos gewysig by artikel veertien van die Proklamasie van 1928 met betrekking tot Rehoboth-Gebiet-aangeleenthede, (Proklamasie No. 9 van 1928).

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my hand en seël te Kaapstad op hede die 16de dag van Februarie 1937.

D. G. CONRADIE,
Administrateur.

8. This proclamation may be cited for all purposes as the Police Offences (Rehoboth Gebiet) Proclamation, 1937.

GOD SAVE THE KING

Given under my hand and seal at Windhoek this 16th day of January, 1937.

D. G. CONRADIE,
Administrator.

No. 6 of 1937.)

WHEREAS by paragraph four of the Agreement concluded between the Administrator of South West Africa and the Kapitein of the Rehoboth Community and the Members of the Raad of the said community, which said Agreement was ratified and confirmed by Proclamation of the Administrator dated the twenty-eighth day of September 1923 (Proclamation No. 28 of 1923), it was agreed inter alia that the Administrator, after consultation with the Raad of the aforesaid Rehoboth Community, should possess the power to extend to the Territory referred to in the Agreement as the Gebiet the operation of any law in force in the Territory of South West Africa, if he considered such extension expedient or desirable in the interests of either the Territory of South West Africa or the Gebiet;

AND WHEREAS, by section one of the Rehoboth Affairs Proclamation 1924 (Proclamation No. 31 of 1924), it was provided that, from and after the taking effect thereof, the Raad should cease to function within the Gebiet, and that all and several the powers, functions and duties vested by law in the Raad should vest in the Magistrate of the District of Rehoboth;

AND WHEREAS, after consultation with the Magistrate of the District of Rehoboth, the Administrator considers it expedient and desirable in the interests of the Gebiet to extend to the Gebiet the operation of the Supervision of Machinery Proclamation, 1929 (Proclamation No. 36 of 1929) and the Explosives Ordinance 1931 (Ordinance No. 15 of 1931);

NOW THEREFORE, under and by virtue of the powers in me vested, I do hereby proclaim, declare and make known as follows:-

The Supervision of Machinery Proclamation, 1929 (Proclamation No. 36 of 1929) and The Explosives Ordinance 1931 (Ordinance No. 15 of 1931), together with all amendments thereof or additions thereto which may hereafter be enacted, and all regulations which have been or may hereafter be made thereunder shall be of full force and effect in the Territory referred to as the Gebiet in the Agreement contained in the Schedule to the Proclamation of the Administrator dated the twenty-eighth day of September, 1923 (Proclamation No. 28 of 1923), as amended by section fourteen of the Rehoboth Gebiet Affairs Proclamation 1928 (Proclamation No. 9 of 1928).

GOD SAVE THE KING.

Given under my hand and seal at Cape Town, this 16th day of February, 1937.

D. G. CONRADIE,
Administrator.

Table with 2 columns: Area for which appointed, Name of Administrator. Entry: District of Rehoboth, PAUL HENDRIK DE VILLIERS.

Table with 2 columns: Gebiet waarvoor aangestel, Naam van die Administrateur. Entry: Distrik Windhoek en Swartkops, DISTRIK WARMBADE, SEUTING-VAN.